Fondse gaan na verskeie liefdadigheids-Organisasies

# Boeretreat



## 28 & 29 JULIE 2023

**Lianie May | Jay | Early B | Jan Rhaap**

# Geagte Gewaardeerde Borgvriend!

Met ongelooflike dankbaarheid, en gemoedere wat oorloop van waardering en erkenning teenoor elke betrokkene, kan ons met groot opgewondenheid bevestig dat die pasafgelope 2022 BoereTreat Classic Gholfdag voriges in sukses oortref het. Weens die onsekerheid wat die pandemie gebied het, het ons besluit om 'n een dag geleentheid te hou, en het ons dieselfde resultate as vorige jare ervaar. Dankie vir elke borg wat jaar in, en jaar uit ons ondersteun. Die eerste geleentheid wat 8 jaar gelede plaasgevind het, het elke jaar so gegroei dat deelname en betrokkenheid vir ALLE deelnemers, uitstallers, besoekers en gaste 'n MOET op die jaarlikse kalender geword het. Daarom is dit elke jaar maklik vir die komitee om te verseker dat die volgende BoereTreat nog meer verwagtinge sal oortref. Die BoereTreat komitee het reeds aktief weggespring om die 2023 geleentheid nog beter en nog meer suksesvol te maak.

Hiermee is ons amptelike uitnodiging om u te nader om te kom deelneem aan die aktiwiteite vir BoereTreat 2023. Kom lê besoek af, stal uit by een van die natgate, dra by en word so deel van hierdie spesiale groep mense – mense wat vriende word, want bloodstelling is groot en sterk en werklik tot elkeen se voordeel.

Sonder u betrokkenheid, op elke wyse ookal, is hierdie formidabele groei net nie moontlik nie. Saam kan ons alles ingooi om dit nog groter en nog beter te maak! Sonder enige uitsondering bly die hoofdoel en belangrikste strewe om fondse in te samel vir alle plaaslike liefdadigheidsorganisasies, plaaslike inisiatiewe, sending, meelewingsaksies, skole, onaangesproke behoeftiges, ens. Die gemeenskap is baie klein, behoeftes baie groot en plaaslike finansiële beskikbaarheid beperk. Daar is 'n beduidende aantal organisasies in Heilbron wat oor die afgelope aantal jare met groot en nederige waardering baie baat gevind by die fondse wat via hierdie platform beskikbaar gestel is, onder leiding van kundige, bekwame en betroubare mense. Voorbeelde onderandere sluit is senior burgers, behoeftige- en kinderhuiskinders, sending in die plaaslike informele nedersettings en swart woongebiede, kosverskaffing, verbetering van infrastruktuur, opheffing onder ons mense, ens. en anders soos reeds genoem. Daarom wens ons om voort te gaan om steeds ondersteuning te bied sover moontlik, omdat die behoeftes selfs groter word. Almal se deelname, bydrae en rolle oor die afgelope 8 jaar het groot nood verlig, en daarom kon ons verligting bring aan die groot gebrek in die klein Heilbron-gemeenskap. Behalwe vir hierdie baie belangrike uitreikaksies, glo die komitee dat dit ook 'n heerlike kuier- en ontspangeleentheid geword het vir elke gewaardeerde besoeker en deelnemer – hierdie is so eie aan die plattelandse Heilbron-gasvryheid.

Daarom rig ons weer hierdie uitnodiging en vra ons weer groot asseblief dat u moet kom deelneem – ons druk weer op elkeen se spreekwoordelike knoppie. Kom skryf in, stal uit, adverteer, ontspan, kry bloodstelling, maak nuwe vriende en besoek ons vir die ervaring van unieke plattelandse gasvryheid. Ons kan niks suksesvol doen sonder u versekerde deelname nie - dit is 'n noodsaaklikheid!



# Wat Word Aangebied:

- Die deelneem aan 'n goedgeorganiseerde gholfspel, 28 & 29 Julie 2023 met networking
- Luister na die optrede van bekende kunstenaars, naamlik  Jan Rhaap, Lianie May, Jay en Early B
- Gratis ete vir borgdeelnemers en gesellige kuier by die HBA-tuin.
- Koffie bar vir die metgeselle

**WAT ONTVANG U IN RUIL VIR U BORGSKAP/SKENKING:**

- Geleentheid om deel te neem en betrokke te wees – saam met mede-kollegas aan 'n heerlike ontspanne dag met gasvryheid, so eie aan Heilbron
- Wye bemarkingsgeleentheid, blootstelling op dokumente, vermelding op die webtuiste en Facebook-blad van die Boeretreat, bekendmaking van betrokkenes in die plaaslike media, ens.
- Moontlike vennootskappe met nuwe sakekennisse, besighede, boere in die plaaslike gemeenskap, ens.
- Betrokkenheid van bekende kunstenaars, ens.
- Bekend word met talle besoekers van omliggende dorpe.
- Ons het u nodig; ons reken op u deelname; ons maak staat op u positiewe ontvangs van ons versoek; en ons wil graag van u definitiewe betrokkenheid seker wees.



# Digitale Handelsmerk Blootstelling Geleenthede

**Ons Webtuiste met skakel na jou webtuiste:**
**Blootstelling Geleentheid > 12 000**

- Handelsmerk Banier: 1920-x-481px
- Handelsmerk Foto: 600-x-245px

**Boeretreat Instagram & Facebook Posts:**
**Blootstelling Geleentheid > 6000 - 16 000**

- 1080 x 1080 Borgskap 2023 - Individuele Plasing
- Gesamentlike Erkening Eind Skerm in Videos
- Gesamentlike Erkening Borgskap 2023

**Mailer:**
**Blootstelling Geleentheid > 2000 - 4000**

- Gesamentlike Erkening Banier

**By Boeretreat (Ekstra):**
**Blootstelling Geleentheid > 3000 - 5000**

- Bemarkings Videos: 30 Sekondes
- Bemarkings Foto

## Spesiale
## BORGGELEENTHEDE

· Borg van 48 gholfkarretjies – R25,000.00
· Borg van gholfhemde (Handelsmerk op hemp)
· Platinum Ultra Borg – R50,000.00
· Hole-in-1 Prys - Waarde: R50,000.00

**Reklamemateriaal**
[Hoofingang, Kroeg, Verhoog]
Saterdag – natgat
12 Gholfspeel persone
12 Gaste – Saterdag
Gratis ete by HBA-tuin vir 24 persone
VIP-tafel binne-in tent

**VRYDAG UITSTAL & GHOLF GELEENTHEID:**
R4000 per 4 hand

## SILWER
BORGVRIEND

**R 8,000.00**

· 4 Gholfspelers [Gholf Saterdag sluit gholfkarretjie in]
· 6 Gaste – Saterdag
· Gratis ete by HBA-tuin vir 10
· Uitstalling en kunstenaar optrede

## PLATINUM
BORGVRIEND

**+ R 25,000.00**

· Saterdag - Natgat
· 8 Gholfspelers [Gholf Saterdag sluit gholfkarretjie in]
· 12 Gaste – Saterdag
· Gratis ete by HBA-tuin vir 18
· Uitstalling en kunstenaar optrede
· Reklame in hooftent
· 2 VIP-tafels binne tent

## GOUD
BORGVRIEND


**R 15,000.00**

· Saterdag - Natgat
· 4 Gholfspelers [Gholf Saterdag sluit gholfkarretjie in] -
· 6 Gaste – Saterdag
· Gratis ete by HBA-tuin vir 12 persone
· Uitstalling en kunstenaar optrede
· 1 VIP-tafel binne tent kunstenaar optrede

## BRONS
BORGVRIEND

**R 4000.00**

· Geen Gholf
· 4 Gaste – Saterdag
· Gratis ete by HBA-tuin
· Uitstalling en kunstenaar optrede



# Ontmoet die Span







Wessel



Eben



Koki



Jolandri



Gholfspelende boere uit die Heilbron-gemeenskap, sowel as ander mede-boere, het die gevoel gedeel dat daar ‘n behoefte bestaan om ‘n ontspanne geleentheid dáár te stel waar almal op ’n gesellige wyse saam kan verkeer. So ontstaan die Boeretreat Gholfdag gedurende 2015. Dit vind uitstekende byval en gaste, maatskappye en kunstenaars word mettertyd – met groot welslae – betrek. Die omvang groei deur die gesproke woord en is deesdae ‘n moet op die jaarkalender. Hierdie geleentheid bied aan almal – oud en jonk, mans en dames, inwoners en besoekers – baie pret en plesier met ‘n boeremark; uitstallers; knutselstalletjies en baie meer. Fondse ge-in word aangewend vir en geskenk aan verskeie kerklike, maatskaplike en ander liefdadigheidsorganisasie in die gemeenskap.

# Fondse gaan na verskeie liefdadigheids-Organisasies


Jolandri Mienie: 079 846 1075 (Navrae)

Leonard Strydom: 060 997 5797 | Niklaas van der Walt: 082 629 4725

Epos: boeretreat@heilbron.co.za | heilbronboeretreat@gmail.com (Administratief / Bemarking)

/heilbronboeretreat /boeretreat

www.boeretreat.co.za